SOUTHERNSELECT

Reg. nr: 2016/328994/07

Financial Services (Pty) Ltd

FSP Lisensie Nr: 14814
Posbus 9715, George, 6530
Tel: 011 782 6867, Faks: 086 577 1677
Wilma 082 852 6753
Dries 082 376 5114
E-Pos: wilma@southernselect.co.za
eska@southernselect.co.za
dries@southernwealth.co.za

Lid: FPi, fia, Masthead

# OPENBAARMAKINGSBRIEF

Ooreenkomstig die FAIS-wetgewing bring ek graag die volgende inligting onder u aandag:

My naam is Wilhelmina Sophia Claasen, beter bekend as Wilma en my kontakbesonderhede word hierbo verskaf.

Ons firma is 'n gemagtigde finansiële diensteverskaffer, wat verantwoordelikheid vir my werksaamhede aanvaar en gelisensieer is. Weens die feit dat ek die ILPA eksamens in beide Lewens soewel as Pensioene afgelê het, is ek internasionaal geregistreer as Certified Financial Planner.

Ek is gemagtig om finansiële advies- en tussengangersdienste in die volgende produkkategoriee te lewer:

**Kategorie 1**

1.1 Langtermynversekering: Subkategorie A

1.2 Korttermynversekering: Persoonlike Lyne

1.3 Langtermynversekering : Subkategorie B1

1.20 Langtermynversekering: Subkategorie B2

1.4 Langtermynversekering: Subkategorie C

1.5 Kleinhandel Pensioenvoordele

1.6 Korttermynversekering: Kommersiële Lyne

1.7 Pensioenfondsvoordele.

1.14 Deelnemende belange in een of meer Kollektiewebeleggingskemas

1.16 Gesondheidsorgvoordele

'n Afskrif van die lisensie sowel as registrasie by die Raad op Mediese skema's is op aanvraag beskikbaar.

Ek lewer sedert 1 Januarie 1980 finansiële advies- en tussengangersdienste ten opsigte van die volgende aspekte van finansiële beplanning: Doods- & Ongeskiktheidsdekking; Aftreebeplanning; Beleggingsbeplanning; Boedelbeplanning; Korttermynversekering en Gesondheidsorg. Ons is al in die versekeringsbedryf sedert Februarie 1975.

Southern Select het skriftelike magtiging en is geakkrediteer, om die produkte van die volgende versekeraars en/of finansiële instellings te bemark: Sanlam, Ou Mutual, Liberty, Metropolitan, Hollard, Momentum, Allan Gray, Santam, Auto & General, Constantia, Bryte, Discovery, Renasa, CIA, C-Sure, AIG, SHA, HIC, Selfmed, Fedhealth en Bonitas.

Ons besit nie meer as 10% van die aandele wat deur enige versekeraar uitgereik word nie.

Ons word vir ons dienste vergoed deur kommissie wat aan ons betaal word en/of deur fooie te vra.

Ons het nie meer as 30% van ons kommissie en vergoeding in die vorige finansiële jaar van enige versekeraar ontvang nie.

Ons besit professionele skadeloosstellingsversekering.

Southern Select is nie 'n geassosieerde maatskappy van enige bepaalde versekeraar nie.
Nakoming van die FAIS-wet word gemonitor deur Masthead Distribution Services (Edms) Bpk, 'n nakomingspraktyk wat deur die Raad op Finansiële Dienste goedgekeur is. Hulle posadres is Posbus 856, Howard Place, 7450. Kontaknommers: 021 686 3588(t) en 021 686 3589(f).

Ons is lede van die Masthead Finansiële Adviseurs Vereniging. As gevolg van ons lidmaatskap, word nakomingsdienste, praktykbestuur en tegnologiese dienste aan ons beskikbaar gestel. Hierdie ondersteuning help ons om 'n meer professionele diens te lewer. Die nakomingsdiens stel ons in staat om aan die FAIS-wetgewing te voldoen en u as kliënt van toepaslike finansiële advies te voorsien. Deur praktykbestuur kan ons ons besigheid meer professioneel bestuur en u verbeterde diens en ondersteuning bied.


Geliewe kennis te neem dat ons in oorleg met wetgewing, 'n volledige openbaarmakingsregister hou. Hierdie register het ten doel om u, ons kliënt, in kennis te stel van enige finansiële of eienaarskap belange wat ons mag toeval uit hoofde van ons werksaamhede. Dit lys ook die besigheidsverhouding wat ons met ons produkverskaffers het. Hierdie register verseker deursigtigheid en is beskikbaar vir insae.

Alle inligting van u verkry sal as vertroulik behandel word en sal slegs bekend gemaak word indien u skriftelike toestemming gee, of ek deur die wet verplig word om sodanige inligting bekend te maak.

Indien u met enige aspek van my diens ontevrede is, moet u asseblief u klagte skriftelik aan my rig by bogenoemde adres. 'n Afskrif van my Klagtebeleid is op aanvraag beskikbaar.

Vir verdere besonderhede is u welkom om dit met ons te bespreek.

Vriendelik die uwe



Wilma Claasen CFP®

Openbaarmakingsbrief ontvang: Datum: 24/11/2020 Handtekening:

Naam: G.J Jansen van Rensburg.
Rekemeester: AP Kock.